Opgestel vir Dr. Dönges — op sy versoek. — H. B. Th.
19/8/63.

191. A. 1 (33)

**I.S. UNIVERSITEITSAANGELEENTHEDE.**

1. Vir diegene wat in Suid-Afrika voortdurend met universiteitsaangeleenthede te doen het, en wat oplossings vir die probleme in verband daarmee moet probeer vind, kom dit soms voor asof hierdie probleme net die besondere probleme van Suid-Afrika is. Wanneer 'n mens egter met verteenwoordigers van ander universiteite in die buiteland gedagtes wissel, en veral wanneer jy konferensies van Statebonds- en Europese asook Amerikaanse universiteite bywoon, dan besef jy al gou dat baie van die probleme waarmee ons hier te kampe het, in werklikheid vandag in die hele Westerse wêreld gevind word. Vrywel orals kla universiteitsmense daaroor dat hulle nie genoeg fondse vir kapitale en lopende uitgawes het nie. Eweneens is dit vrywel 'n algemene verskynsel dat universiteite met 'n tekort aan onderlegde leerkragte, en aan onderlegde persone en fondse vir gevorderde navorsingswerk te kampe het. Ander vraagstukke wat baie algemeen is, is dié wat voortvloei uit 'n vinnige vermeerdering van studentetalle en die gevolglike tekort aan ruimte in koshuise en akademiese geboue; ook vraagstukke in verband met die voorbereiding van studente vir universiteitstudie, die beste samestelling van kursusse in die verskillende fakulteite, en ook behoorlike voorligting aan studente gedurende hulle jare van universiteitstudie.

2. In Suid-Afrika, soos in baie ander lande van die wêreld, word egter veel gedoen om universiteite te help om die nodige oplossings vir hierdie vraagstukke te vind. Die Regering van die Republiek het enige jare gelede 'n formule ingevoer wat telkens vir periodes van vyf jaar van krag bly.

Hierdie/............

Hierdie formule is nou reeds tien jaar in werking en het in Suid-Afrika 'n groot sukses geblyk. Hiervolgens gee die owerheid aan universiteite fondse in verband met sowel hulle kapitale behoeftes as lopende uitgawes. Terselfdertyd moedig die formule universiteite ook aan om self soveel as moontlik eie, private fondse byeen te bring. Op die oomblik word sekere aspekte van die subsidie-formule juis met die oog op die derde vyfjaar-periode, deur 'n spesiale komitee van die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap ondersoek, en sal daar van die begin van 1964 af, wanneer die nuwe vyfjaarperiode begin, ongetwyfeld 'n heelwat verbeterde subsidieformule van toepassing wees.

Wat betref die tekort van deskundige leerkragte moedig die Regering, met die hartlike samewerking van die universiteite, verdienstelike studente soveel as moontlik aan om verder te studeer en te spesialiseer, teneinde later geskikte leerkragte aan universiteite te word. So is daar bv. 'n hele aantal beurse beskikbaar vir gevorderde studente, wat in die binneland en die buiteland verder wil gaan studeer. Met die oog hierop gaan tal van studente na Groot-Brittanje, Amerika en lande van Wes-Europa. Dit beteken dat ons universiteite in staat gestel word om te deel in nuwe rigtinge en ontwikkelinge wat op universitêre gebied in die buiteland te vinde is. Vanselfsprekend is dit veral van waarde op terreine waar ons in Suid-Afrika begryplikerwyse nog nie ál die nodige fasiliteite het nie, soos bv. die kernfisika, werktuigkundige ingenieurswese en sekere ander gebiede.

Wat navorsingswerk aangaan, is daar in Suid-Afrika groot vordering gemaak deur sekere instansies wat buite die

universiteite/......

universiteite staan, maar tog ook baie nou met die universiteite saamwerk, soos die W.N.N.R., die Raad op Atoomkrag en die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing. Terselfdertyd is daar ander groot, invloedryke instansies buite die universiteite wat ook groot bedrae aan navorsingswerk spandeer, soos bv. die Kamer van Mynwese, Yskor, die K.W.V., en verskeie ander instansies. Die universiteite is egter die kweekplek van navorsers, en aan die universiteite self word ook uitgebreide en diepgaande navorsingswerk gedoen. In hierdie verband geniet die universiteite finansiële steun van die W.N.N.R. en ander dergelike liggame, asook van verskeie groot ondernemings en industrieë. Daarby spandeer die universiteite ook heelwat van hulle eie fondse aan navorsingswerk, sodat hulle dan enersyds die nodige navorsers oplei en andersyds self ook met belangrike navorsingsresultate voor die dag kom. Op die terrein van navorsing het ons egter met dié groot probleem te doen, nl. dat heelwat van die toerusting, bv. in verband met kernkrag en verwante rigtinge, ontsettend duur is, sodat dit vir die universiteite moeilik gaan om dergelike toerusting aan te skaf.

Groeiende studentetalle het in die jongste jare ook vir Suid-Afrikaanse universiteite baie groot probleme opgelewer. Alle universiteite in die land het 'n aansienlike vermeerdering in hulle studentetalle ondervind. Aan die Universiteit van Stellenbosch het ons bv. 'n verdubbeling van ons studentetalle in die loop van vyf jaar gesien. Hierdie vermeerdering stel natuurlik aan die universiteite baie hoë eise wat betref geboue en toerusting, iets wat net met behulp van aansienlike fondse beskikbaar gestel kan word. Dank sy die subsidie-formule, wat tans toegepas word, het die universiteite

egter/..............

egter daarin geslaag om op redelike wyse te voldoen aan die eise van die groter getalle. Dit beteken egter nie dat universiteite voor die voet noodwendig almal neem wat wil kom nie, maar van hulle kant af ook 'n sekere mate van keuring toepas. Aan die Universiteit van Stellenbosch het dit bv. voorgekom dat ons in die afgelope jare gewoonlik sowat 400 tot 500 studente per jaar afgewys het. Hierdie keuring het tot gevolg gehad dat sowat 50% van ons totale studente nou eersteklas matrikulante is.

3. Suid-Afrika het egter met één besondere probleem te kampe, of altans 'n probleem wat uit sy besondere omstandighede ontstaan. Deur wetgewing is daar spesiale voorsiening vir universiteitsinrigtings vir nie-blankes gemaak. In die Suide is die Universiteitskollege van Wes-Kaapland gestig, wat 'n inrigting vir Kleurlinge is. In die Noorde by Turfloop in Transvaal is die Universiteitskollege van die Noorde gestig, wat die inrigting van die Bantoe van die omgewing is. By Ngoya is 'n nie-blanke universiteitsinrigting gestig, wat veral die belange van die Zulu-bevolking dien. En in Durban is die Universiteitskollege vir Indiërs in die lewe geroep. Ofskoon al hierdie inrigtings nog maar enkele jare bestaan, het hulle alreeds merkwaardige vooruitgang gemaak, nie net wat hulle studentetalle aangaan nie, maar ook wat die werk betref wat daar gedoen word. Gepaardgaande met die stigting van hierdie nie-blanke inrigtings is ook die karakter van die bestaande Universiteitskollege van Fort Hare enigsins gewysig, in soverre dit nou spesifiek die inrigting van die Xhosa-volk geword het.

Vóór die stigting van universiteitsinrigtings vir nie-blankes was daar nie-blanke studente aan sekere Suid-Afrikaanse universiteite, maar die getalle van sulke studente het baie beperk gebly. Die nie-blanke studente het aan

daardie/............

daardie universiteite ook nie tot hulle reg gekom nie, omdat hulle moeilik die kompetisie met die blankes kon volhou en ook moes studeer onder omstandighede wat in baie opsigte vir hulle vreemd was. Ná die voorsiening van aparte universiteitsinrigtings vir nie-blankes het die getalle van nie-blanke studente geweldig toegeneem, en het hierdie studente nou ook veel meer tot hulle reg gekom, omdat daar met hulle besondere nasionale en kulturele behoeftes behoorlik rekening gehou word. Dit is ook opvallend dat hierdie studente by die nie-blanke inrigtings hulle veel meer tuis voel, en dus op 'n natuurlike, ongedwonge wyse tot ontwikkeling kom.

4. 'n Mens sou talle bewyse kon aanvoer van die vinnige vooruitgang van ons nie-blanke universiteitsinrigtings en ons nie-blanke studente deur op hulle eie vooruitgang te let, maar dit kan miskien die beste saamgevat word as 'n mens dit in sekere opsigte met toestande in die buiteland vergelyk. In Australië kom dit vrywel nie voor dat jong Australiese inboorlinge op universiteite gaan studeer nie; en in Kanada is dit hoë uitsondering as 'n Kanadese Indiaan sy weg na 'n universiteit vind. In Indië het die universiteitsopleiding in die afgelope jare groot vordering gemaak, maar dit is opmerklik dat ons universiteitsopleiding vir Indiërs baie goed kan vergelyk met wat daar in Indië vir die universiteitsopleiding van hulle eie mense gedoen word. Dit is nl. vasgestel dat 'n groter persentasie van ons eie Indiërbevolking aan universiteite studeer, as wat daar in Indië self aan hulle eie universiteite is.

5. Baie jong lande het die probleem ondervind dat tal van hulle intelligente, verdienstelike jong manne, dikwels

nadat/..........

nadat hulle in die buiteland gaan studeer het, na ander lande gegaan het, waar daar goeie moontlikhede en fasiliteite vir navorsing en universiteitsonderrig bestaan. In Suid-Afrika het ons hierdie moeilikheid ook tot op sekere hoogte ondervind, maar in die jongste tyd is dit ongetwyfeld nie meer so ernstig nie. Ten gevolge van die stappe wat gedoen word en fasiliteite wat hier voorsien word, kom die meeste van ons jong manne weer terug. Terselfdertyd is dit 'n verblydende feit dat ons hoogstaande wetenskaplikes vanuit die buiteland hierheen trek. Suid-Afrikaanse universiteite kry meermale geleerdes uit Groot-Brittanje, maar dit is veral uit lande van die Vasteland, soos Duitsland, Holland en België, dat manne aan ons universiteite aangestel word. In die Fakulteit van Geneeskunde van die Universiteit van Stellenbosch is daar 'n hele paar Duitse gesaghebbendes benoem, wat met graagte hierheen geïmmigreer het; en ook in ander studierigtinge aan hierdie Universiteit is onderlegde buitelanders benoem.

Nie net wat dosente betref nie, ook wat studente betref, merk ons op dat ons universiteite die aandag van die buiteland trek. Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap help buitelandse studente wat daarom aansoek doen, om geplaas te word by Suid-Afrikaanse universiteite waar hulle besondere vakgebiede goed ontwikkel is. Aan universiteite soos Stellenbosch, Pretoria, Witwatersrand en Kaapstad, is daar vandag 'n hele aantal studente uit Europese lande. Op Stellenbosch vind ons ook 'n baie sterk toeloop van studente vanuit die Rhodesiës en Suid-Wes Afrika.

6. As Universiteit staan Stellenbosch in 'n besondere posisie. Gevestig in 'n klein dorp, wat die tweede oudste

dorp/..........

dorp in Suid-Afrika is, het die Universiteit van Stellenbosch vanuit 'n klein begin gegroei tot een van ons groot universiteite. Dit is vandag 'n tipiese universiteitstad, en is in baie opsigte vergelykbaar met Cambridge in Engeland, Heidelberg in Duitsland en Princeton in Amerika. Stellenbosch het vandag ongeveer 5,300 studente; die Universiteit beskik oor 16 koshuise waarin daar sowat 3,000 studente inwoon; altesame is daar aan die Universiteit 11 Fakulteite, wat die gewone Fakulteite soos Lettere en Wysbegeerte en Natuurwetenskappe insluit, maar waaronder ook Fakulteite getel word soos Ingenieurswese, Geneeskunde, Bosbou en Krygskunde. Laasgenoemde twee Fakulteite is inderdaad die enigste van hulle soort in die Republiek.